
# God se Vreemde Opdragte 1

Hierdie Bybelspeletjies is geskryf om jou te help om weer jou Bybel te leer ken. Om te besef dat die God van die Bybel se tyd, nogsteeds dieselfde God van vandag is, en dat dit tyd is dat ons Hom weer leer ken. In hierdie speletjie kyk ons na die vreemde opdragte wat God aan Sy kinders gegee het.

## Leidrade: Wie is ek?

- Ek word die Vader van die Geloof genoem.
- God het my naam verander.
- Ek het met my halfsuster getrou.

God het 'n baie vreemde opdrag aan hierdie man gegee. Gebruik die emoji's en kyk of jy weet wat die opdrag was.



## Antwoord:

Wie is ek? Abraham

**Opdrag:** Genesis 22:2

*Abraham moes vir Isak gaan offer het.*

God het vir hom gesê: “Vat jy seun, jou enigste seun, Isak wat jy liefhet, en gaan na die landsteek Moria toe en offer jou seun as brandoffer daar op een van die berge wat Ek vir jou sal aanwys.

### Ekstra vrae wat jy kan gebruik:

1. Wat was die belofte wat God aan Abraham gemaak het? (Gen 17:2;4)
2. Hoe oud was Abraham en Sara toe Isak gebore was? (Gen 21:5)
3. Hoekom het God hierdie vreemde opdrag aan Abraham gegee? (Gen 22:12;18))
4. Het God Abraham toegelaat om Isak te offer? (Gen 22:10-12)
5. Waaraan laat hierdie vreemde opdrag jou dink?

### Antwoorde:

1. Baie, baie mense sal uit hom voortkom, hy sal die vader wees van baie nasies.
2. Abraham ‘n 100 jaar en Sara 95 jaar oud.
3. Hy wou kyk of Abraham Hom sou dien en gehoorsaam aan Hom sou wees deur selfs sy enigste seun, aan Hom te offer.
4. Nee, ‘n Engel van die Here het hom gekeer net voordat hy sy seun wou slag.
5. God wat Sy enigste Seun vir ons laat slag het.